Sing vooraf: Psalm 9:1, 7 (p. 36)

1 Ek sal van ganser harte, HEER,
u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is,
aan wie my lofsang toegewy is;

7 Die hart van hul wat U bely,
sal in u Naam standvastig bly.
Dié wat U soek in stil vertroue,
is by U veilig en behoue.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het. Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm Psalm 100:1-4 (p. 494)

1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydskap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig!

2 Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees.

3 Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam.

4 Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 146:1, 8 (p. 700)

1 Prys die HEER met blye galme,
o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme
vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied,
altyd groot maak in my lied.

8 Dis die God der leërmagte,
troue Bondsgod van weleer,
God van wordende geslagte,
tot in ewigheid die HEER.
Sion, sing die God ter eer,
prys sy grootheid, loof die HEER!

Skriflesing: Romeine 5 en Openbaring 3:7-13

Teks: Romeine 5:12

Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het (Romeine 5:12 AFR1953)

Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het. (AFR1983)

'n Baie groot verantwoordelikheid rus op julle wat vanaand julle geloof bely, want julle is die volgende geslag wat die eer van God moet uitdra en sy kerk verder moet neem na die wederkoms toe.

- Daar sal in julle lewenstyd nog baie nuwe dinge kom wat die kerk sal probeer uitwis – dinge waarvan ons geslag dalk nie eers weet nie – maar julle moenie daarvoor terugdeins nie.
- Gaan vorentoe met die Here in julle harte en die Bybel in die hand, want die genade van God gaan saam.
- Die Here sê in sy Woord:

  Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; (Jesaja 59:1 AFR1953)

Kom ons gaan vanaand in hierdie preek saam deur ons hele geskiedenis van die skepping af tot in die hiernamaals. Ons kyk saam na die pad wat geloop is tot hiertoe en ons kyk saam na die padkaart vir die afstand vorentoe. Daar is twee belangrike sake wat uitstaan:

1. Die geweld van God se vloek oor ons as gevolg van ons sondeval
2. God vernietig die geweld van sy vloek ten opsigte van sy uitverkorenes

1. Die geweld van God se vloek oor ons as gevolg van ons sondeval

Die eerste oomblik van die mensdom se bestaan was wonderlik:

- Alles waarna jy kon kyk, was volmaak: die plante en die diere en alles op die aarde.
- Die mense se verhouding met God was volmaak, en daar was nie allerhande sondes en verleidings nie.
- Ons was so volmaak dat ons tot die wil van God kon verstaan sodat ons Hom reg en met totale heiligheid kon dien (NGB art. 14).

Die Here het selfs met Adam 'n werkverbond gesluit.

- Adam was die hoof van die totale mensdom, en die werkverbond se inhoud was dat hy die skepping moes bewerk en bewaak tot eer van God.
- Daar was net een negatiewe gebod: Adam en sy vrou moes die boom van kennis van goed en kwaad uitlos.
    - Hulle mag nie daarvan geëet het nie.
    - Dit was 'n proefgebod wat hulle gehoorsaamheid getoets het.

Toe loop alles skeef. Adam oortree. God het gestraf. Sy heiligheid laat Hom nie toe om iets anders te doen nie.

> **En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie—vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.** (Genesis 3:17-19 AFR1953)
>
> Omdat jy na jou vrou geluister het en geëet het van die boom waarvan Ek jou verbied het om te eet, is die aarde deur jou toedoen vervloek; met swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak, jou lewe lank; die aarde sal vir jou dorings en dissels laat uitspruit, en jy sal veldplante eet; net deur harde werk sal jy kan eet, totdat jy terugkeer na die aarde toe, want daaruit is jy geneem. Stof is jy, en jy sal weer stof word. (Genesis 3:17,18, 19 AFR 1983)

Hierdie oortreding was so geweldig dat alle mense wat daarna gebore is, onder die vloek van God gebore is.

- Die Bybel beskryf die geweldige gevolge van hierdie gebeurtenis in ons teksvers, naamlik dat deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood.
- Daarna sou alle mense sterf, want deur daardie daad van Adam het die dood tot alle mense deurgedring.
- Adam het namens almal gesondig, en daarom doen alle mense daarna ook sonde.

Dit is ook nie net sommer dat ons sonde doen nie. Kyk na die hele saak deur God se oë:

- Die effek van ons sondes is geweldig en ernstig, want die Here sê dat ons ongeregtighede 'n skeidsmuur tussen ons en Hom geword het.
- Ons sondes het die Here se aangesig vir ons toegemaak, sodat Hy nie hoor nie.
- Die Here sê ons hande is met bloed bevlek en ons vingers met ongeregtigheid; ons lippe praat leuens en ons tong fluister onreg (Jesaja 59:2, 3).

Ons moet ook nie dink dat ons sonder sondes is omdat ons ná die kruisdood lewe nie. Ons sal in hierdie lewe nog altyd onder die gevolge van die sondeval ly. Onthou wat die apostel Paulus geskryf het:

> **Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie. Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.** (Romeine 3:10-12 AFR1953)

Ons kan nie die Here vir hierdie sondeval en die toestand waarin ons nou is, verantwoordelik hou nie. Onthou wat het die skrywer van Prediker 7:29 gesê:

> **Kyk, net dit het ek uitgevind: dat God die mens reg gemaak het, maar hulle het baie slim planne gesoek.** (Prediker 7:29 AFR1953)

Waarom is dit belangrik dat ons vanaand weer na hierdie slegte stuk van ons geskiedenis moet kyk? Omdat geen mens wat nie 'n opregte sondebesef het, verlos kan word nie.

- Ons moet weet dat God ons goed en opreg gemaak het, maar dat ons ons besig hou met allerlei slimmighede.
- Vandag is dit nog presies soos wat dit toe was: Ons versondig die Here met al ons slimpraatjies en donkerwerk waarmee ons dink dat ons met die Here rondkonkel en onsself regverdig.

Prediker gebruik 'n paar beelde waarmee hy vertel hoe goed ons werklik was (12:6).

- Ons was vir die Here 'n goue oliekruik;
- ons was soos 'n kruik by die fontein waaruit die skepping kon drink en lewe tot eer van God;
- ons was soos 'n wiel by die put wat goed kon werk om water wat lewe gee te put.

Maar nou is ons dit nie meer nie. Nadat die Here sy straf uitgespreek het, word:

- die silwerdraad afgebreek en
- het die goue oliekruik stukkend geval.
- Die kruik by die fontein het gebreek
- en die wiel het stukkend in die put geval.

Soos die straf van die Here sê, keer die stof na die aarde terug soos dit gewees het, en die gees keer terug na God wat dit gegee het.

Maar, dit moet u altyd onthou: Geen mens is voor God minderwaardig nie.

- Hy beskik dit so dat selfs die swakstes onder ons die Woord van die Here kan bewaar en uitlewe as ons werklik in Hom glo.
- Hy gee dit vir ons in die Here Jesus Christus en deur die werking van God die Heilige Gees dat ons sy Woord kan bewaar, en sy Naam nie verloën nie.
- Die Here beloof om die oorwinnaars pilare in die tempel van God te maak en om die Naam van God op hulle te skrywe! (Openbaring 3).

Die Here openbaar dus die oorwinning aan ons!

- Ek en jy moet net voortgaan en reg lewe, en bly in die kollig van die genade wat op ons skyn.
- Ons moet preek en verkondig, en nie ter wille van ander die Here verloën nie.

Maklik sal dit nie wees nie, want die Here openbaar dat daar in die laaste tye mense uit die sinagoge van Satan tussen ons sal rondloop soos in die gemeente van Filadelfia (Openbaring 3; Openbaring 2:9).

- Hulle sal beheers word deur die leuen.
- En hulle sal in die kerk wees.
- Die Satan en sy beplanning sal die laaste tyd voordat die Here Jesus weer kom, baie ondraaglik maak vir die gelowiges.

Matteus 24:22 beskryf ook die dae:

> **En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.**
> (Matteus 24:22 AFR1953)

Dit is daardie soort dae wanneer julle sal moet vasstaan, want die wêreld sal julle wil insluk en maak soos wat hulle is.

- Daarom waarsku die Heilige Gees ons om nie aan hierdie sondige wêreld gelyk te word nie.
- Ons moet laat God ons verander deur ons denke te vernuwe – dan sal ons kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is (Romeine 12:2).

2. God vernietig die geweld van sy vloek ten opsigte van sy uitverkorenes

Die Here vra nie van ons die onmoontlike nie.

- In God se besorgdheid oor ons welvaart gebruik hy al die magte van die hemel om ons te beskerm en voort te help.
- Dink aan die werke van die engele.
- Maar bo alles stuur Hy die Here Jesus Christus om te sterf sodat God se woede oor ons oortredinge in Hom gestraf kan word.

Die Verlosser wat die slang se kop sou vermorsel, is al aan Eva belowe. Hy is as 'n mens gebore.

- Die Here gee ook die rede waarom Jesus 'n mens moes wees: Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, moes die opstanding van die dooies ook deur 'n mens kom – só skryf God die Heilige Gees in 1 Korintiërs 15:21 en in Romeine 5:12.

Dit is juis hierdie Here Jesus wat vir ons gesterf het en wat die deur uit die sondes uit na die Drie-maal-Heilige Troon van God toe oopgesluit het.

- Elkeen wat die dieptes van sy sondes besef, sal verstaan hoe groot die genade is wat die Here Jesus vir ons gee.
- Jesus self sê dat niemand uit homself na Hom toe kan kom nie.
- Maar God die Vader wat die Here Jesus gestuur het, trek ons na Hom toe.
- Die Here Jesus sê Hy sal almal van ons wat na Hom toe getrek word, op die laaste dag uit die dood laat opstaan.

Die Here Jesus het ons met sy eie mond verseker dat die van ons wat in Hom glo, die ewige lewe het.(Johannes 6:44-49). Hy het gesê dat Hy die brood is wat lewe gee.

Hy het die verlossende genade wat Hy deur die kruis vir ons gee, so beskryf:

> **Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.** (Johannes 6:51 AFR1953)
>
> Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy ewig lewe. En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam. Ek gee dit sodat die wêreld kan lewe." (Johannes 6:51 AFR 1983).

Kyk hoe groot is God se genade oor ons. Ons doen almal sonde. Almal se lewens is deurspek met lelike dinge. *Tog het God ons lief.*

Dit is waarom enige mens wat eerlik oor hierdie dinge gaan nadink, ook sal vra: “wat is ’n mens dat die Here aan hom dink”? Die Psalmdigter het een nag na die sterre gekyk en toe besef hoe groot en groots dit is – en ook hoe nietig die mens is as hy hom teen al hierdie dinge meet. Dit is waarom hy gedig het:

> (8:4) **As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het—** (8:5) **wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?** (8:6) **U het hom ’n weinig minder gemaak as ’n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon.** (8:7) **U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel:** (8:8) **skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld,”** (Psalms 8:3-7 AFR1953)

Omdat ons hierdie ontsaglike groot genade ontvang dat God ons, wat so sleg is, verlos en nuut maak om onder die leiding van die Heilige Gees te kan lewe, moet ons die volle verantwoordelikheid daarvan besef. Ons moenie lewe soos die ou, sondige mens in ons wat deur sondige begeertes verteer word nie.

- Ons gees en gedagtes moet so beheersd wees dat ons lewe as mense wat na die beeld van God geskep is.
- Ons moet volkome volgens die wil van God lewe en heilig wees.
- Ons moet alle valsheid aflê en onder mekaar die waarheid praat, want ons is mekaar se lede. (Efesiërs 4:22-25).

God het ons gemaak om Hom te soek, al sou ons ook moes rondtas om Hom te vind.

- Hy is nie ver van enigeen van ons af nie, want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons (Handelinge 17:27, 28).
- As ons nie in Jesus wil glo en dit met ons lewens bevestig nie, verwerp die Here Jesus Christus ons – en dan is ons tot in ewigheid uitgesluit uit sy genade en uit die lewe op die Nuwe Aarde!

Daarom moet ons ons elke dag voor die Here verootmoedig. Ons moet ons elke dag aan die Here onderwerp.

- Ons moet in alles wat gebeur, die raad en beskikking van God erken.
- Daarby moet ons ons verset teen die Here bely.

U moet besef dat mense wat dit nie doen nie

- aan hierdie sondige wêreld gelyk bly,
- hulle nie deur God laat verander nie,
- nie kan onderskei wat die wil van God is nie, en
- verhard bly – en die noodwendige gevolge dra.

Die Here is so ernstig daaroor dat die gelowiges hulle saak met Hom moet regmaak en reg hou, dat Hy beveel het dat elke mens wat hom nie verootmoedig nie, van sy volksgenote afgesny moet word (Levitikus 23:29).

Ons het dus 'n groot verantwoordelikheid. Veral ons wat in die eindtyd lewe.

- Volgens die profesieë gaan ons ook nog in lewensgevaar beland en doodgemaak word oor ons geloof.
- Nou beleef ons dit nog nie so erg nie, maar die aanloop daarnatoe is al duidelik.

Daarom is dit baie belangrik dat ons moet onthou waar ons staan.

- Ons staan voluit in God se liefde, want Hy het 'n baie besondere band tussen Hom en ons gelê.
- Ons is nie deel van die skuim van die wêreld nie – ons is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, mense wat vir God afgesonder is. Ons is die eiendomsvolk van God.
- MAAR terselfdertyd is ons ook die volk wat die verlossingsdade van die Here Jesus Christus moet verkondig: Hy het ons uit die duisternis geroep na sy wonderbare lig (1 Petrus 2:9).

Ons gemeente het 'n boodskap waarmee ons julle wat vanaand julle geloof voor God gaan bely, wegstuur in die lewe in:

- Geen mens wat nie 'n ware en eerlike sondebesef het, kan gered word nie.
- Besef julle sondes en bekeer julle daarvan.
- ***Volhard in die genade van God en maak elke oomblik gebruik van die lewe van verlossing wat die Here Jesus vir julle gegee het.***

Julle moet weet dat dit nie maklik gaan wees nie, want dit is nie verniet dat die Here Jesus geskryf het dat ons die woord van sy lydsaamheid moet bewaar nie.

- Hy waarsku ons dat daar swaar beproewings kom wat al die inwoners van die aarde op die proef sal stel (Openbaring 3:10). Hierdie swaarkry gaan al die gelowiges saam tref.
- Daarom moet ons saam tot bekering kom en saam veg vir wat waar en reg is, en mekaar versterk, sodat ons saam kan oorwin.

In hierdie verantwoordelikheid wat ons het, gee God vir ons baie genade.

- Ons lees in Openbaring 3 dat Hy die Heilige en Waaragtige is wat oopmaak en toesluit op so 'n kragtige wyse dat niemand kan oopsluit waar Hy toegesluit het nie, en niemand kan toesluit waar Hy oopgesluit het nie.
- Dit beteken dat die Here met sy onbeperkte beskikkingsmag sy seën afdwing oor sy gemeente – dus oor die gelowiges.

Die Here vra van ons dat ons ons daarop moet toelê om ons tot beskikking van Hom te stel (2 Timoteus 2:15):

- Ons moet arbeiders wees wat die goedkeuring van God wegdra.
- Ons moet arbeiders wees wat ons nie vir ons werk hoef te skaam nie.
- Ons moet arbeiders wees wat die woord van die waarheid suiwer verkondig.

Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring.

- Maar deur die Here Jesus Christus is ons verlos en vrygespreek van ons sondes.
- Deur Hom is ons voorberei om tot in ewigheid in God se koninkryk te lewe.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 10-2 (28B)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam, / laat u ryk kom, u wil geskied,
soos in die hemel so ook op die aarde. / Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe / die wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Aflegging van belydenis van geloof

Psalm 121: 1-4 (p. 608)

1 Ek hef my oë bergwaarts heen
en staar die ure om,
tot my verlossing kom.
My hulp is van die HEER alleen.
Hy, oor my lot bewoë,
is eind'loos in vermoë.

2 Bedreig gevaar jou reispad ooit –
Hy is dit wat jou voet
vir wankeling behoed.
Hy, Isr'els wagter, sluimer nooit.
Die HEER is jou ontfermer,
jou skadu en beskermer.

3 Die son wat bo jou trekpad staan,
sal jou nie steek by dag;
die maan ook nie by nag.
Die HEER sal met jou samegaan.
Hy, Israels ontfermer,
is altyd jou beskermer.

4 Die HEER sal jou bly gadeslaan;
in onheil en gevaar
sal Hy jou siel bewaar.
Wanneer jy uit of in mag gaan
Hy, Israels ontfermer,
is ewig jou beskermer.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 14 Oktober 2007